

**ALGEMENE KOMMENTAAR:**

1. Daar was 'n geringe verbetering in die kwaliteit van die antwoorde van die kandidate.
2. Die meerderheid vraestelle is op 'n logiese en georganiseerde wyse aangebied.
3. Die meeste kandidate kon 'n verskeidenheid vaardighede aanwend om die vereistes van die brongebaseerde vrae te dek.
4. Die meeste kandidate het vanjaar 1 opstelvraag en 2 brongebaseerde vrae beantwoord.

**OPSTELVRAE**

5. Die kandidate wat die kriteria in die Standaardgraadmatriks in hulle opstelvrae toegepas het, het goeie resultate behaal. Hierdie kandidate was in staat om die volgende te doen:
  - ? Die vraag akkuraat te beantwoord.
  - ? Relevante inhoud te selekteer om die vraag te beantwoord.
  - ? Die toepaslike vlak van historiese analise en verduideliking toepas as daarvoor gevra is.
  - ? Die antwoord goed beplan en struktureer.
6. Dit gebeur steeds dat onderwysers "modelantwoorde" vir leerders voorberei wat lei tot swak resultate omdat die kandidate nie die vraag kan beantwoord nie.
7. Leerders moet ingelig word dat die periode Suid-Afrika 1948 tot 1976 verpligtend is.
8. Daar is steeds leerders wat nie 'n toepaslike inleiding en gevolgtrekking in opstelvrae het nie en wat opskrifte maak.
9. Min kandidate het vrae 3A en 3B beantwoord. Die wat dit wel aangepak het, het swak gevaar.
10. Baie leerders kan steeds nie onderskei tussen inligting wat oor die onderwerp gaan en inligting wat vir die vraag nodig is nie.

**BRONGEBASSEERDE VRAE**

11. Heelwat kandidate kon relevante bewyse uit die bronne haal en die bewyse in hul antwoorde gebruik. Hulle het goeie punte in die vrae behaal.
12. Kandidate kon ook die bronne gebruik om 'n direkte interpretasie te maak, maar sukkel steeds met die meer komplekse interpretasie.
13. Kandidate kort steeds die vaardigheid om bewyse uit die bronne te haal om 'n effektiewe en georganiseerde paragraaf te skryf. In paragraafvrae moet eie kennis gebruik word. Kandidate kon die daarin slaag om eie kennis met inhoud uit die bronne te kombineer nie. Kandidate skryf ook te min vir 'n vraag wat 10 – 12 punte tel.